**DIE LAERSKOOL GERICKE PRIMARY SCHOOL**

Owenstraat / Street
CERES
6835
Tel : (023) 312-1110
Faks / Fax : (023) 316-1924
E-mail : admin.gericke@lando.co.za

OMSENDBRIEF 1/2015 22 Januarie 2015

Beste Ouers

Baie welkom terug na 'n welverdiende vakansie! Ons glo u is uitgerus en vol energie en entoesiasme vir 2015 met al sy geleenthede en uitdagings. Mag vanjaar vir u en u kind(ers) 'n wonderlike, vreugdevolle en suksesvolle jaar wees.

Ons vertrou dat dié van u wat vanjaar vir die eerste keer by ons aansluit, gou tuis sal voel en by die verskillende aktiwiteite sal inskakel. Deel asseblief suksesvolle idees met ons.

Behalwe al die nuwe leerders, verwelkom ons ook graag die volgende nuwe gesigte op die personeel:

| | |
|---|---|
| Mev Daniel Anderson | Graad R |
| Mnr Niel Botha | Rekenaar |
| Mej Ilze Deetlefs | Graad 3 |
| Mej L'zuné Gildenhuys | Graad 5 |
| Mej Lize Joubert | |
| Mev Narine Prins | Graad R |
| Mev Tildie Theron | Pre-Graad R |
| Mej Meagan Dearlove | Graad 5 |
| Mej Nina van Rooyen | Graad 3 |
| Mej Louise Theron | Graad 6 |

## OUERINLIGTINGSVERGADERING: WOENSDAG, 28 JANUARIE 2015

Ons nooi graag alle graad 4- tot 7-leerders se ouers na 'n oueraand op WOENSDAG, 28 JANUARIE 2015, om 19:00 in die skoolsaal. Almal moet eers in die saal vergader waar algemene inligting aan u deurgegee sal word. Daarna sal ouers na die verskillende klasse beweeg waar u u kind se klasonderwyser sal ontmoet en belangrike inligting rakende dié graad se werksaamhede verduidelik sal word. Die Grondslagfase ouers (Pre-Graad R tot Graad 3) se vergaderdatum sal deur die klasonderwysers deurgegee word.

## ATLETIEK: 30 EN 31 JANUARIE 2015



Gericke se Kleure Atletiekbyeenkoms sal op VRYDAG, 30 JANUARIE, vanaf 15:30 tot ± 20:00 plaasvind en SATERDAG, 31 JANUARIE, vroegoggend voortgaan. Ons wil graag dat ALLE leerders deelneem. Moet asseblief nie ander reëlings tref nie.

Ons benodig baie ouerhulp tydens die Kleurebyeenkoms. Vul asseblief die aangehegte vorm in en stuur dit terug skool toe voor/op Maandag, 26 Januarie. Daar is **DRIE PLEKKE (beamptes, kaartjieverkope en by die verversings)** waar ons hulp benodig. *Die vorms gaan na twee verskillende afdelings vir verwerking en al die vorms moet asseblief onderteken en teruggestuur word vir kontrole doeleindes.*

- ***BEAMPTES:*** Indien u as beampte optree, moet u bereid wees om VRYDAG EN SATERDAG diens te doen.
- ***VERVERSINGS & KAARTJIEVERKOPE:*** Ons gaan met die maak en/of verkoop van verversings heelwat ouerhulp benodig. INDIEN U DIENS DOEN EN U KIND NEEM DAARDIE TYD AAN 'N ITEM DEEL, SAL U VERSKOON WORD VIR DAARDIE PAAR MINUTE.

Programme vir die byeenkoms sal vanaf 29 JANUARIE by die skool teen R5-00 per program beskikbaar wees. By die byeenkoms sal ook programme te koop wees.

## SKOOLURE EN SPORT

**GRAAD 1 & 2**

| | |
|---|---|
| Maandag - Vrydag | 07:15 - 12:55 |
| Sport (Maandag, Woensdag, Donderdag) | 13:00 - 13:50 |

**GRAAD 3**

| | |
|---|---|
| Maandag tot Donderdag | 07:15 - 13:20 |
| Vrydag | 07:15 - 13:30 |
| Sport (Maandag, Woensdag, Donderdag): | 13:30 - 14:30 |


**Dinsdae sal daar geen Grondslagfase sport wees nie as gevolg van die weeklikse personeelvergadering.**

**GRAAD 4 - 7**

| | |
|---|---|
| Maandag | 07:15 - 13:50 |
| Dinsdag | 07:15 - 13:30 |
| Woensdag | 07:15 - 13:50 |
| Donderdag | 07:15 - 13:50 |
| Vrydag | 07:15 - 13:30 |

**SLEGS VIR DIE TWEEDE WEEK - MAANDAG, 26 JANUARIE 2015, TOT DONDERDAG, 29 JANUARIE 2015 - SAL DIE VOLGENDE REËLINGS GELD:**

- ALLE graad 4 tot 7- leerders sal vanaf 07:15 tot 08:15 atletiekoefening hê, waarna die akademie sal volg. Die skool sal dus vir dié vier dae 'n uur later verdaag vir die graad 4- tot 7-leerders. ***Slegs die langafstand-atlete sal later oefen.***



**KLEURE ATLETIEKBYEENKOMS**

**VRYDAG, 30 JAN 2015**
**&**
**SATERDAG, 31 JAN 2015**

**Sien jou daar!**

***SKOOL SLUIT OM 12:00 OP VRYDAG, 30 JANUARIE***

- Graad 2- en 3-leerders kom gewone tyd uit.
- Leerders mag vir die eerste twee weke met 'n donkerblou atletiekbroekie en wit T-hemp, of Gericke sporthemp, skool toe kom. GEEN bont kleredrag sal egter toegelaat word nie.

Bogenoemde reëling is in belang van die leerders as gevolg van die hoë temperature wat Ceres gewoonlik gedurende Januarie en Februarie ondervind.

## KLEREBANK

**VANAF VRYDAG, 23 JANUARIE 2015**

| | |
|---|---|
| Maandae | 07:30 – 09:00 |
| Vrydae | 12:00 – 13:30 |

***MERK ASSEBLIEF U KIND SE KLERE EN BESITTINGS DUIDELIK.** Alle verlore goedere word na die kantoor gebring aan die einde van die dag. Indien ongemerk, sal dit aan die Klerebank oorhandig word om herverkoop te word. U samewerking in hierdie verband word waardeer.*

## OMSENDBRIEWE

U sal weekliks 'n omsendbrief ontvang. **Alle afskeurstrokies moet asseblief volledig voltooid teruggestuur word.** Indien dit nie op u van toepassing is nie, skryf net u kind se naam daarop en trek 'n lyn deur die res van die afskeurstrokie/vorm. Dit sal ons administrasie baie vergemaklik, aangesien verskillende strokies deur verskillende persone verwerk moet word.

### OMSENDBRIEF VIA E-POS

Indien u die omsendbrief elektronies wil ontvang, moet u asseblief 'n e-pos met u besonderhede en u oudste kind se naam en graad na omsendbrief.gericke@lando.co.za stuur – SELFS AL HET U VOORHEEN U E-POSADRES AAN ONS GESTUUR. **Indien u nie 'n e-pos stuur nie, sal u ongelukkig nie die omsendbrief elektronies ontvang nie.**

Ouers is self daarvoor verantwoordelik om afskeurstrokies uit te druk en skool toe te stuur. U is ook welkom om afskeurstrokies elektronies na die bogenoemde e-posadres te stuur.

Geen harde kopieë sal vanaf volgende week aan ouers, wat die omsendbrief elektronies ontvang, gestuur word nie.

## SKOOLFONDS

**Skoolfonds vir 2015 beloop R7 350-00 per kind per jaar.**

### WYSE VAN BETALING

- 'n Eenmalige betaling, wat moet geskied voor/op 28 Februarie 2015, waarna 'n korting van 7,5% toegestaan sal word - d.w.s. 'n totale bedrag van R6 798-70 per kind.

**óf**

- Maandelikse paaiemente oor 10 maande (R735-00 x 10) op die eerste dag van elke maand, vanaf Februarie tot November.

**óf**

- Kwartaallikse paaiemente (R1 837-50 x 4) binne die eerste week van elke kwartaal.

### NIE-BETALENDE OUERS

Neem asseblief kennis dat die Beheerliggaam die betaling van skoolfonds deur ouers, wat ingevolge Artikel 40 van die Skolewet van 1996 daarvoor aanspreeklik is, deur regsproses kan afdwing.

Agterstallige skoolfonds sal binne drie maande aan ons invorderaars oorhandig word indien daar nie spesiale reëlings getref word nie. Ouers is vir regskostes aanspreeklik.

Enige probleme moet via die finansiële beampte, mev Christelle Hamman, óf die Tesourier van die Beheerliggaam, mnr Innis Nagel, uitgeklaar word. Daarna sal skriftelik ooreengekom word oor hoe u u verpligting kan nakom.

Ouers wat vir vermindering van skoolfonds wil aansoek doen, kan die nodige vorms by mev Hamman kry en moet dit voor/op 31 Januarie 2014 by die skool inhandig. **Neem asseblief kennis dat slegs Graad 1 - 7 leerders kan kwalifiseer vir skoolfondsvermindering, aangesien Pre-Graad R- en Graad R-leerders nog nie wetlik skoolpligtig is nie.**

Ons versoek dat alle ouers asseblief streng by die bogenoemde skoolfondsreëlings sal hou. Laerskool Gericke se skoolfonds is baie billik teenoor dié van omliggende skole en u het die keuse uitgeoefen om u kinders hierheen te stuur. Kom dus asseblief u verpligtinge na.

## ADMINISTRASIE

Ingesluit is 'n vorm wat deur ouers voltooi moet word in verband met ELKE kind in Laerskool Gericke. Dit is inligting wat deur die WKOD benodig en op hul databasis bygehou moet word. Elke kind in die gesin moet asseblief sy/haar eie vorm, volledig ingevul, op MAANDAG, 26 JANUARIE 2015, terugbring skool toe. U samewerking in hierdie verband word waardeer.

**BELANGRIK: Indien u kontakbesonderhede in die loop van die jaar verander (adres, telefoonnommer, selfoonnommer), moet u asseblief onmiddellik die skool in kennis stel, sodat die korrekte inligting op ons databasis aangedui kan word. Sou u kind byvoorbeeld skielik siek word, moet ons u kan kontak.**

## KLASBRAAI: VRYDAG, 13 FEBRUARIE 2015

Ons beplan ons jaarlikse klasbraai vir VRYDAG, 13 FEBRUARIE 2015. Teken asseblief die datum aan. Finale reëlings sal nader aan die datum aan u gegee word.




## SKOLIERPATROLLIE

Die veiligheid van ons leerlinge is vir ons van kardinale belang. Die skolierpatrollie doen diens om ons te help om die leerders veilig oor die straat te kry. Ons doen 'n ernstige beroep op u as ouer om asseblief u samewerking te gee en agter die geel strepe te parkeer, nie te dubbelparkeer nie en baie waaksaam op alle paaie rondom die skool te bestuur. Ons maak staat op u samewerking in hierdie verband.

## SMS-DIENS

Ons skool maak gebruik van 'n SMS-diens. Ons verkies om ten minste een selfoonnommer per gesin op ons kontaklys te hê, aangesien ons van tyd tot tyd vinnig boodskappe aan ouers wil stuur. Vul asseblief die meegaande vorm in en stuur dit terug skool toe voor/op MAANDAG, 26 JANUARIE. Die eerste nommer is gratis, maar indien u meer as een nommer op die lys wil plaas, beloop die koste R30 per ekstra nommer.

## SLUITKASTE

Dit kos R200 per jaar vir die huur van 'n sluitkas. Slegs die eerste 72 leerders wat hul geld betaal, sal kwalifiseer vir 'n sluitkas.

Die volgende reëls sal geld:

- Sluitkaste word op eie risiko gehuur.
- Elke leerder is verantwoordelik vir sy/haar eie slot.

- Sluitkaste moet ontruim word aan die einde van elke kwartaal. (Sluitkaste wat op 30 Januarie 2015 nog nie ontruim is nie, se slotte sal afgeknip word.)

- Geen leerder/ouer mag na 15:30 of tydens naweke van 'n onderwyser verwag om die skool oop te sluit sodat besittings uit die sluitkas gehaal kan word nie.

Belangstellendes kan die onderstaande vorm voltooi en SAAM MET die korrekte bedrag skool toe stuur.

## MEDIKASIE

Indien u kind spesifieke medikasie gedurende die dag moet inneem, of aan ernstige alergieë (bysteke, asma, ens.) ly, moet u asseblief die skool in kennis stel. Ouers moet asseblief medikasie by die klasonderwyser of die kantoor los, duidelik gemerk met u kind se naam en gebruiksaanwysings.

## MY SCHOOL PROJEK

Die My School Projek word deur Woolworths geloods. Ouers ontvang 'n kaart wat hulle toon elke keer wanneer hulle aankope by Woolworths maak. Ons skool ontvang dan aan die einde van elke maand 0,25% van die totale aankope deur ons ouers gemaak. Belangstellendes kan die meegaande vorm invul en dit skool toe stuur voor/op 30 Januarie 2015.

## DOELWITTE

Ons prioriteite vir 2015 is as volg:

- Die handhawing van 'n hoë akademiese standaard.
- Die opskerp en verbetering van dissipline, wat moet lei na selfdissipline en trots.
- Gelukkige en tevrede personeel, leerders en ouers.
- Verbeterde benutting van rekenaartegnologie.

Ek glo dat elke ouer net die beste vir sy kind wil hê en derhalwe ons heelhartig sal ondersteun ten opsigte van ons prioriteite.

Mag 2015 vir elke leerder, ouer en onderwyser 'n vreugdevolle jaar wees waar elkeen tot sy/haar volle potensiaal kan groei.

| SKOOLKWARTALE 2015 | | |
|---|---|---|
| KWARTAAL | OPEN | SLUIT |
| Eerste | 21 Januarie 2015 | 1 April 2015 |
| Tweede | 13 April 2015 | 26 Junie 2015 |
| Derde | 20 Julie 2015 | 2 Oktober 2015 |
| Vierde | 12 Oktober 2015 | 9 Desember 2015 |

## SIELSKOS

*"The most important trip you may take in life is meeting people half way." – Henry Boyle*

Vriendelike groete

ELSA RIEKERT
SKOOLHOOF




| | | |
|---|---|---|
| Ma | 26 Januarie | Graad 1-inligtingsvergadering |
| Di | 27 Januarie | Graad 3-inligtingsvergandering |
| Wo | 28 Januarie | Ouerinligtingsvergadering |
| Do | 29 Januarie | Tennis vs Breërivier (weg); Graad 2-inligtingsvergadering |
| Vr | 30 Januarie | Kleure Atletiekbyeenkoms |
| Sa | 31 Januarie | Kleure Atletiekbyeenkoms |
| Ma | 2 Februarie | O/11-Krieket: Witzenbergproewe |
| Do | 5 Februarie | Tennis vs Koue Bokkeveld (tuis) |
| Vr | 6 Februarie | Krieket: Witzenbergproewe |
| Sa | 7 Februarie | Sone Atletiekbyeenkoms |
| Di | 10 Februarie | Mini-Krieket: Koue Bokkeveld (Sone) |
| Do | 12 Februarie | Tennis vs FD Conradie (weg) |
| Vr | 13 Februarie | Klasbraai |
| Sa | 14 Februarie | Witzenberg Atletiekbyeenkoms |
| Ma | 16 Februarie | O/11-Krieket vs Koue Bokkeveld |
| Di | 17 Februarie | Mini-Krieket: Mooi Uitsig (Sone) |
| Wo | 18 Februarie | O/13-Krieket vs Koue Bokkeveld; Citrusdal Uitnodigingsgala |
| Sa | 21 Februarie | O/9A-Boland Mini-Krieketdag |
| Di | 24 Februarie | Gericke Swemgala |
| Wo | 25 Februarie | O/13B-Krieket vs Koue Bokkeveld; O/11- & O/13-Krieket vs Worc-Noord |
| Do | 26 Februarie | Tennis vs Rijk Tulbagh (tuis); Entrepreneurs (Gr 5 & 6) |
| Vr | 27 Februarie | O/13A-Rugby vs De Villiers Graaff |
| Sa | 28 Februarie | Worcester-Noord O/10-Tennistoernooi; FD Conradie Mini-Krieketdag |
| Di | 3 Maart | Gericke Uitnodigingsgala; Mini-Krieket: Bella Vista (Sone) |
| Wo | 4 Maart | O/13A-Krieket vs Ceres Primêr |
| Vr | 6 Maart | Gericke Uitnodigingstennistoernooi; Gericke Gholfdag |
| Sa | 7 Maart | Wes-Kaap Atletiekbyeenkoms; Worcester Primêr Mini-Krieketfees |
| Di | 10 Maart | Beheerliggaamsvergadering |
| Do | 12 Maart | Entrepreneurs (Gr 4 & 7) |
| Vr | 13 Maart | Noord-Boland Hokkietoernooi |
| Sa | 14 Maart | Noord-Boland Hokkietoernooi; Hexvallei Mini-Krieketdag |
| Ma | 16 Maart | Wintersport begin |
| Wo | 18 Maart | Noord-Boland Hokkieproewe |
| Sa | 21 Maart | Hoërskool Goudini Sportdag (O/13 Rugby & Netbal) |
| Ma | 23 Maart | Noord-Boland Hokkieproewe |
| Wo | 25 Maart | O/13-Hokkie: Gericke vs Welgemoed (seuns & dogters) |
| Vr | 27 Maart | Kaskarwedren |
| Wo | 1 April | SKOOL SLUIT!! |

## SMS-DIENS

**(Hierdie vorm hoef slegs voltooi te word indien u nog nie deel van die SMS-diens is nie, of indien u kontakbesonderhede verander het.)**

NAAM VAN OUDSTE LEERDER:____________________________________________ GRAAD: _____

*GRATIS NOMMER*

NAAM VAN OUER: __________________________________________________________

SELFOONNOMMER: __________________________________________________________

*EKSTRA NOMMERS (R30/nommer)*

NAAM VAN OUER: __________________________________________________________

SELFOONNOMMER: __________________________________________________________

NAAM VAN OUER: __________________________________________________________

SELFOONNOMMER: __________________________________________________________

Ek sluit die bedrag van R________ in vir _______ (hoeveelheid) ekstra nommers.

HANDTEKENING VAN OUER: ___________________________________

## OUERINLIGTINGSVERGADERING: WOENSDAG, 28 JANUARIE 2015

Naam van leerder : ________________________________________________________ Gr _____

Naam van ouer : ________________________________________________________

Kontaknommer : ________________________________________________________

[ ] Ons gaan die vergadering bywoon. Aantal persone: ____________

[ ] Ons kan ongelukkig nie die vergadering bywoon nie.

Ons skakel by die graad _________ klas in na afloop van die saalbyeenkoms.

## SLUITKASTE

NAAM VAN LEERDER: ______________________________________________ GRAAD: _____

NAAM VAN OUER: ______________________________________________

Ons wil graag _________ (hoeveelheid) sluitkas(te) huur teen R200 elk. Bedrag ingesluit: ________

HANDTEKENING VAN OUER: ______________________________________________

## ATLETIEK : VRYDAG, 30 JANUARIE, EN SATERDAG, 31 JANUARIE 2015

**LET ASSEBLIEF DAAROP DAT U ÓF AS BEAMPTE ÓF BY VERVERSINGS/KAARTJIEVERKOPE BETROKKE KAN WEES EN NIE BY ALBEI NIE.**

### BEAMPTES

***HIERDIE OUERS MOET VRYDAG EN SATERDAG BESKIKBAAR WEES.***

Ek is bereid om as **BEAMPTE** op te tree. Ma [ ] Pa [ ]

Naam van leerder : ____________________ Gr : ______

Naam van pa : ____________________

Kontaknommer : ____________________

Naam van ma : ____________________

Kontaknommer : ____________________

Merk met 'n X waar u graag behulpsaam sou wou wees:

[ ] Afsitter

[ ] Skrywer by tafel

[ ] Gewigstoot

[ ] Hoogspring

[ ] Verspring

[ ] Hoekbeampte/Toesighouer

[ ] Tydopnemer

[ ] Baanbeoordelaar (uitvanger)

[ ] Noodhulp

[ ] Enige ander plek waar nodig

## ATLETIEK : VRYDAG, 30 JANUARIE, EN SATERDAG, 31 JANUARIE 2015

### VERVERSINGS EN KAARTJIEVERKOPE

***NB : HIERDIE OUERS KAN NIE AS BEAMPTES OPTREE NIE.***

**INDIEN U KIND BETROKKE IS BY 'N ITEM IN DIE TYD WAT U MOET WERK, SAL U VERSKOON WORD VIR DAARDIE PAAR MINUTE.**

[ ] Ek/Ons kan behulpsaam wees

[ ] Hulp met verkope by kiosk

[ ] Ek/Ons kan ongelukkig nie help nie.

[ ] Hulp met kaartjieverkope

Indien ons genoeg hulp kry, sal ons slegs 1 uur-skofte reël.

| | Vrydag | Saterdag | Albei dae beskikbaar |
|---|---|---|---|
| Pa | [ ] | [ ] | [ ] |
| Ma | [ ] | [ ] | [ ] |

Naam van leerder : ____________________ Gr : ______

Naam van pa : ____________________ Kontaknommer: ______________

Naam van ma : ____________________ Kontaknommer: ______________

**LAERSKOOL GERICKE**
**CEMIS REGISTRASIE : WKOD ADMINISTRASIE**

***BELANGRIK : Daar moet een vorm vir elke kind in die skool voltooi word.***
***Voltooi asseblief so volledig moontlik en stuur MAANDAG, 26 JANUARIE 2015, terug skool toe.***

Volle geboortename van leerder : ______________________________

Noemnaam : ______________________________

Van : ______________________________

Geboortedatum : ______________________ Graad : __________

Fisiese woonadres (straat/plaas NIE posbus) : ______________________________

______________________________

Naam van moeder : ______________________________

Telefoon : Huis : ______________________________

Werk : ______________________________

Selfoon : ______________________________

Naam van vader : ______________________________

Telefoon : Huis : ______________________________

Werk : ______________________________

Selfoon : ______________________________

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE (SLEGS VIR GRAAD 4-7)**

Merk toepaslike blokkies as volg:
1 = slegs by skool
2 = privaat, nie by skool (bv. Karate)
3 = beide skool en privaat (bv. Tennis)

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dans | | Visuele kuns | | Hokkie | | Sokker | | Watersport | |
| Drama | | Atletiek | | Netbal | | Rugby | | Debatsvereniging | |
| Musiek | | Skaak | | Skyfskiet | | Tennis | | Boks | |
| Koor | | Krieket | | Sagtebal | | Vlugbal | | Karate | |

Ander (spesifiseer ook met kodes 1, 2 of 3 - bv. Stoei 2.)

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |